
# Vrye Weekblad

24 Augustus 1990

Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

Ontmoet Hendrik Marinus Thiart. Hy het die grootste deel van sy volwasse lewe in Suid-Afrika se tronke deurgebring en word nou weer weens moord aangekla. Hy vertel openhartig van sy kleurvolle lewe wat strek van 'n Bolandse dorpie na Hillbrow en die Zonderwater-gevangenis; van 'n kaalvoet-Boerseun na 'n geharde man van die onderwêreld met 'n lang kriminele rekord. Hy gee 'n unieke, intieme kykie in die kriminele psige en die toestande in die tronke. Bladsy 10, 11 en 12.



Die Derde Mag in die township-bloedbad

'Ek moes vir Tutu doodskiet'

Hoe duur is SA werklik?

Oorlog dreig in Basterland

*Die township-bloedbad*

# Wie is dié Derde Mag?

**Is daar 'n Derde Mag by die bloedbad in die Randse townships betrokke? Wie is dit wat die rol van agents provocateur in die oënskynlik etniese stryd speel wat al bykans 600 lewens geëis het? HENNIE SERFONTEIN doen verslag**

ONDER mense wat die township-konflik monitor, word die blaam vir die geweld nou, soos meer inligting ingewin word, verskuif van bloot 'n Inkatha-offensief na 'n sinistere mag agter die skerms wat stamwrywing aanblaas en ANC- en Inkatha-volgelinge teen mekaar opstook.

Daar is egter min ernstige ontleders wat nie saamstem dat Inkatha-impi's "gewillige meelopers" van só 'n strategie is nie.

In ANC-kringe word ook nou gevra: Wie baat werklik by die bloedvergieting? En daar word gewys op taktieke soos die verspreiding van duisende vals pamflette in hostelle en elders in die naam van die ANC en Cosatu waarin 'n oorlog teen die Zoeloes bepleit word.

Die onbeantwoorde vraag bly nog steeds: Hoe het die ongekende bloedbad in 'n aantal townships aan die Witwatersrand so uit die bloute, sonder enige vooraf waarskuwing, werklik begin?

Aanvanklik is dit heel simplisties deur meeste van die plaaslike en oorsese media aangebied as 'n etniese konfrontasie tussen Zoeloes en Xhosas.

Dit sou regse propaganda en ou regeringsbeleid "bevestig" het dat swart Suid-Afrikaners basies uit 'n aantal aparte volkere bestaan wat nie in een staatsbestel saamgevoeg kan word nie.

Dit sou ook 'n "bewys" wees dat die ANC hoofsaaklik 'n Xhosa-organisasie is.

Maar spoedig is dit besef dat dit 'n geveg tussen Zoeloes en ander swartes is. Maar veral dat dit in sy diepste wese 'n nuwe faset van die ANC/Inkatha-konflik in Natal is.

Daarom is dit baie betekenisvol dat Roelf Meyer, adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling, in 'n onderhoud dié week met Agence France Presse erken het dat dié vlaag van geweld waarskynlik die gevolg van "political engineering" deur die Zoeloes is. Die doel, volgens hom, is om "politieke dominasie" in Suid-Afrika te probeer bewerkstellig.

Daar is dan ook oorweldigende getuienis dat die aanvalle op die meeste plekke deur Zoeloe-sprekendes vanuit die hostelle begin is. Ook dat Inkatha regstreeks of onregstreeks deur amptenare of ondersteuners daarby betrokke is.

Maar daar is twee onrusbarende fasette van die Inkatha-aanvalle wat vir die staatspresident, FW De Klerk, ernstige implikasies inhou.

Daar is talle aanduidings dat die aanvalle die gevolg is van 'n goed gekoördineerde veldtog om 'n swart burgeroorlog in die PWV-gebied te laat ontvlam. Daar is duidelik 'n "onsigbare hand" teenwoordig wat die aanvalle doelbewus uitgelok het, meen diegene wat die konflik fyn dophou.

Tweedens is daar talle gevalle waar die polisie openlik kant gekies het deur Inkatha te bevoordeel ten koste van die ANC-ondersteuners, of dikwels gewone township-bewoners wat blindelings deur Inkatha aangeval is. Inkatha-lede dra gewoonlik duidelike rooi kopdoeke en is dikwels gesien in die geselskap van die polisie.

Dié beskuldiging word telkemale gemaak in ooggetuieverslae - met hul name en adresse daarby - waarin Vrye Weekblad insae gehad het.

Verskeie ooggetuies vertel hoe Inkatha-ondersteuners in die Mzimhlope-hostel ná die valse Cosatu-pamflet op 'n middag die stasie bestorm het om werkers en vakbondlede te konfronteer. Dit het gelei tot bloedige gevegte.

Terselfdertyd is die huidige gevegte voorafgegaan deur 'n reeks van vergaderings in die hostelle. Hulle is toegespreek deur mense wat beweer hulle is Inkatha-organiseerders. Planne is beraam hoe om nie-Inkatha-inwoners in die hostelle en huise aan te val en beloftes is gemaak hoe wapens, ammunisie en geld beskikbaar gestel sal word.

Hulle is gewaarsku dat Nelson Mandela, 'n "Xhosa", voortdurend met De Klerk praat en op televisie verskyn. Spoedig gaan hy die regering oorneem en "die Zoeloes" sal dan deur 'n "Xhosa-koning" onderdruk word.

In ANC-kringe word gewys op die ooreenkoms tussen die optrede van die "Derde Mag" en soortgelyke vroeëre propaganda-aksies van die sekurokrate in Namibia en swart gemeenskappe in Suid-Afrika. Dieselfde soort onsigbare "geheimsinnige mag" was agter die "Witdoeke" in Crossroads en agter talle vigilante-groepe elders toe oorlog teen die comrades verklaar is.

Hoewel Inkatha ongetwyfeld die meeste aanvalle loods, word nie geglo dat dit die vermoë het om op só 'n slim beplande wyse met valse propaganda emosies op te stook nie.

Die vraag is of daar nog steeds sekurokrate of faksies in die veiligheidsmagte is wat volhard om die De Klerk-inisiatiewe te bemoeilik of te vertraag.

# Nooit weer 'n wit verkiesing, sê Roelf

DOMINIQUE GILBERT

SUID-AFRIKA sal nooit weer 'n algemene verkiesing eksklusief vir blankes onder die huidige grondwet hou nie, sê die adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling, Roelf Meyer.

Die regering, sê Meyer in 'n onderhoud met AFP, stel 'n referendum of 'n algemene verkiesing waarby swartmense betrek sal word in die vooruitsig om die steun vir 'n nuwe grondwet - nadat dit by die onderhandelingstafel opgetrek is - te toets.

Onderhandelings gaan voort, ongeag of al die partye van oor die hele politieke spektrum daarby betrokke is, sê Meyer. Die regering poog om deur onderhandelings steun vir 'n federale staat te kry.

Meyer sê egter dat ver-linkse en -regse groepe wat teen onderhandelinge gekant is, soos die PAC en die AWB, reeds agter die skerms met die regering praat omdat hulle besef "indien hulle nie vinniger beweeg nie, hulle die wa heeltemal kan mis".

Volgens Meyer is die geweld van die afgelope twee weke tussen Inkathalede en township-inwoners wat ANC-gesind is, moontlik 'n politieke strategie (political engineering) vir politieke dominasie deur die Zoeloes wat die grootste etniese groep in Suid-Afrika is.

"Dié geweld ondersteun dit wat ons lank reeds sê: 'n Wye verskeidenheid van natuurlike bestanddele sal in die nuwe bedeling geakkomodeer moet word.

"Die normaliseringsproses in die politiek van ons land is maar net 24 weke oud en daar sal nog baie posisionering moet plaasvind."

Hy het beklemtoon dat die ANC en regering aanvanklik as twee strydende partye teenoor mekaar gestaan het, maar vandag as twee "politieke deelnemers". Dit beteken egter nie dat hulle 'n alliansie gaan vorm, soos voorspel word nie.

"Die regering is nie besig om homself uit mag te onderhandel nie en sal voortgaan om politieke beheer uit te oefen en 'n deelnemer in die nuwe Suid-Afrika te wees.

"Ons hoofdoel is om deur onderhandelings demokrasie te vestig en die konflik in die land op te los," sê hy.

Volgens hom is daar, ook vanuit ANC-geledere, 'n groeiende konsensus ten gunste van 'n "soort federale stelsel" vir 'n verenigde gedesentraliseerde Suid-Afrika.

"Die groot verskil tussen ons en die res van Afrika lê daarin dat die witmense na onafhanklikheid altyd onttrek het. Hulle het òf terug Europa toe gegaan òf verder suid getrek. Hier sal dit nie gebeur nie. Ons sal steeds hier wees as individue, deelnemers en politici." - AFP

# Vir almal om te sien




Dosyne lyke van slagoffers van die bloedbad in die Oos-Randse townships het dié week buite die staatslykshuis in Germiston gelê vir alle verbygangers om na te kyk.



# Menseregte vir almal

## Melk en heuning

# Hoe duur is Suid-Afrika werklik?



**Om in Suid-Afrika te bly, is lankal nie meer goedkoop nie. Elke verbruiker gaan die afgelope jare gebuk onder stygende pryse, 'n hoë inflasiekoers en rentekoerse wat kort-kort opgestoot word. Maar hoe leef die gemiddelde Suid-Afrikaner vandag in vergelyking met sy eweknie in Brittanje en Amerika? PEARLIE JOUBERT het gaan navraag doen oor die lewenskoste in dié drie lande.**

ONS leef in die land van melk en heuning, het Suid-Afrikaners nog altyd gespog. Dis 'n land van oorvloed waar enige hardwerkende persoon 'n goeie, bo-gemiddelde lewenstyl kan handhaaf.

Dit was miskien die geval tien of twintig jaar gelede. Maar gaandeweg het Suid-Afrikaners begin agterkom dat pryse onrealisties styg, huiskoop buite die bereik van meeste mense raak en 'n hoë inflasiekoers die eens gerieflike, gemaklike lewenstyl beduiwel.


Tog het ons nog altyd geglo dat ons steeds veel beter daaraan toe is as die meeste buitelanders. Maar in die laaste jare het dit begin duidelik word dat Suid-Afrika nie meer soveel goedkoper as lande in Europa of Amerika is nie.

Buitelanders wat in die laaste jare Suid-Afrika kom besoek het, waarsku: julle land is besig om peperduur te word.

Dit laat die vraag ontstaan: is die lewe vir die Suid-Afrikaner met 'n gemiddelde inkomste goedkoper of duurder as vir die gemiddelde Brit of Amerikaner?

'n Ouditeur in Amerika verdien gemiddeld ongeveer $60 000 per jaar, in Brittanje 30 000 Britse pond en in Suid-Afrika R80 000.

Uit bogenoemde en ander gemiddelde inkomstes maak kenners vir die doeleindes van vergelyking die veronderstelling dat die waarde van R1 ongeveer gelyk is aan die waarde van een Amerikaanse dollar en 50 Britse sent. 'n Realistiese vergelyking kan dan ook gemaak word uit die koopwaarde van geld in die verskillende lande.



Om die wisselkoers en inflasie te neem om pryse in die verskillende lande te bepaal, sou 'n drogvoorstelling wees omdat dit sou beteken dat hoe swakker die rand is en hoe hoër inflasie is, hoe duurder sou dit wees om in byvoorbeeld Amerika of Engeland te koop. Die regering is veral geneig om dié somme te maak om sodoende te wys dat Suid-Afrika eintlik goedkoop is. Die petrolprys in Italië is byvoorbeeld dié week in 'n regeringskoerant bloot op grond van die wisselkoers met dié in Suid-Afrika vergelyk, en dan lyk dit of ons petrol nog goedkoop is.

Die vraag wat gevra moet word, is wat kan 'n gemiddelde Amerikaanse gesin met 'n inkomste van $4 000 per maand koop, 'n Suid-Afrikaanse gesin met 'n inkomste van R4 000 en 'n Britse gesin met 'n inkomste van 2 000 Britse pond.

Suid-Afrika hét duur geword, meen ekonome en sakemanne met wie Vrye Weekblad gesels het. Anders as wat baie mense dink, is Amerika vandag 'n veel goedkoper land om 'n goeie lewenstandaard in te handhaaf.

Ekonome is van mening dat die gemiddelde wit Suid-Afrikaner steeds bokant sy vermoëns leef en nie sy lewenstandaard aangepas het by die verswakte ekonomie nie.

Daar bestaan breë konsensus onder akademici en ekonome dat Suid-Afrika in 'n vertrouenskrisis verkeer en nie 'n goeie internasionale beeld het nie. Daarom betaal ons die gelag deur die hoë pryse van bykans alle produkte en goedere.

Die internasionale vertrouenskrisis waarin Suid-Afrika verkeer, is een van die belangrikste oorsake vir die swak rand wat dan ook die hoë koste van die ingevoerde goedere tot gevolg het. Dit het 'n kabbeleffek op alle kommoditeite.

In vergelyking met Suid-Afrika, is die inflasie- en rentekoerse in meeste ander Westerse lande laag. Die gemiddelde Amerikaanse gesin leef vandag soos wit Suid-Afrikaners die bloeitydperk van die sewentigerjare met sy lae pryse en lae rentekoerse onthou.

Volgens Jacques Botha, ekonoom van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek aan die Universiteit van Stellenbosch, is Suid-Afrika se inflasiekoers sowat drie maal hoër as die gemiddelde van Suid-Afrikaanse handelsvennote in die wêreld.

Tog meen 'n ouditeur van 'n firma in Pretoria, James du Preez, wat vir negentien maande in Londen gewoon en werk het, dat die gemiddelde wit Suid-Afrikaner 'n "baie hoër kwaliteit van lewe" as die middelklas Brit lei.

Wanneer lewenskoste tussen verskillende lande vergelyk word, is dit baie belangrik dat daar nie net na pryse gekyk word nie, maar ook na rentekoerse, want dit bepaal uiteindelik die grootste gedeelte van 'n maandelikse terugbetaling.

So byvoorbeeld kos die maandelikse terugbetalings op 'n huis van R100 000 'n Suid-Afrikaner dieselfde as die terugbetalings op 'n huis van $200 000 vir 'n Amerikaner.

Hier is 'n vergelyking van lewenskoste in Brittanje, Amerika en Suid-Afrika:

In Suid-Afrika is die inflasiekoers tans 13,6 persent, wat 0,3 persent laer is as die koers van 13,9 persent in Mei vanjaar.


Rentekoerse in Suid-Afrika wissel tussen sowat 21 persent op huislenings, 26 persent vir motors en byna 30 persent op oortrokke bankrekenings.

In Amerika is die inflasiekoers vyf persent en die prima-uitleenkoers tien persent.

In Brittanje is die inflasiekoers tien persent en die prima-uitleenkoers 15 persent.


Pryse van plaaslik vervaardigde goedere styg jaarliks met sowat 15 persent. Ingevoerde goedere se pryse styg jaarliks met sowat 16 persent.

Om 'n gesinswoning in Suid-Afrika in 'n goeie wit woongebied te bou, het vanaf R200 per vierkante meter tien jaar gelede, tot R1 000 per vierkante meter vanjaar gestyg. Om 'n huis van 175 vierkante meter te bou, kos vandag R175 000. Dié prys sluit nie die grondprys in nie. 'n Kleiner huis van 160 vierkante meter kos nou R143 500.



'n Huis van R93 200 in Suid-Afrika, teen 22 persent rente, word terugbetaal teen ongeveer R1 650 per maand, terwyl 'n huis van $93 200 in Amerika, teen tussen agt en tien persent rente, se afbetaling $687 per maand beloop.

In Amerika is die maandelikse afbetaling op 'n huis wat $200 000 kos, teen 'n rentekoers van agt persent, $1 467 dollar per maand. In Suid-Afrika sal 'n huis van R200 000, teen die vasgestelde rentekoers van 22 persent en wat oor dieselfde tydperk afbetaal word, R3 600 per maand kos.



In New York is die gemiddelde prys van 'n gesinswoning sowat $181 000, in Washington $143 000, in Dallas $88 000 en in Denver $80 800.

Dié pryse, soos in alle ander lande, verskil van gebied tot gebied en in Amerika van staat tot staat.

In Brittanje kos 'n gemiddelde huis met drie slaapkamers in 'n goeie deel van Londen, sowat 300 000 pond. Teen 'n rentekoers van 15 persent is die maandelikse afbetaling sowat 4 000 pond.

'n Woonstel in 'n goeie gebied in Londen kos sowat 100 000 pond en om 'n twee-slaapkamer woonstel in 'n goeie deel van London te huur, kos ongeveer 700 pond per maand.

In Suid-Afrika beloop die gemiddelde maandelikse huishuur ongeveer R524. In die Durban/Pinetown-gebied is die maandelikse huur vir 'n ongemeubileerde huis R626,92 terwyl dit in die Vaaldriehoek sowat R346,39 per maand is.

Huispryse in Suid-Afrika het sedert verlede jaar met 12,4 persent toegeneem. Die afbetalings op 'n huislening van R100 000 beloop nou R1 900 per maand.


Xavier Botha, 'n ouditeur van Pretoria, het vir byna twee jaar in die stad Boston in die staat Massachusetts gewoon. Dit is een van die duurste stede in Amerika.

Botha sê die 'n gemiddelde gesinswoning op 'n klein erf in 'n goeie gebied kos sowat $300 000. 'n Twee-slaapkamer woonstel in 'n goeie gebied kos ongeveer $150 000.

Om 'n twee-slaapkamer woonstel in 'n goeie gebied te huur, kos ongeveer $1 000 per maand.

In Suid-Afrika is die afbetalings op 'n motor van R27 000 wat op bruikhuur gekoop word, R830 per maand.


'n Nuwe Volkswagen Jetta CLI kos in Amerika



$15 000, terwyl dié motor in Suid-Afrika R46 000 kos. 'n Klein BMW kos $30 000, terwyl dit hier R50 000 kos. Rentekoerse op motors in Amerika is so laag as drie persent, terwyl dit in Suid-Afrika 26 persent beloop.

'n Nuwe Volkswagen Jetta kos in Brittanje 9 000 pond en 'n BMW 318I kos 14 000 pond. 'n Rover 216 SX kos in Edinburgh 9 200 pond.

Brandstof kos in Brittanje 42 Britse sent per liter, in Amerika kos dit sowat $1 per gallon (vier en 'n half liter), teenoor die R1,18 per liter in Suid-Afrika.



Dit blyk dus uit amptelike statistiek dat lewenskoste in Suid-Afrika die afgelope jare geweldig gestyg het. Kenners waarsku egter dat dit moeilik is om lewenskoste bloot volgens prysverskille te oordeel, omdat dit moeilik is om 'n prys te heg aan ons sonnige weer en mooi land.

Om net na prysverskille te kyk, kan baie misleidend wees aangesien die koopkrag van die gemiddelde bevolking in lande drasties van mekaar kan verskil. As mens byvoorbeeld na die Bruto Binnelandse Produk per kapita kyk (waarde van die totale produksie per persoon) wat 'n redelike goeie aanduiding van welvaart is, is die syfer vir Amerika, omgesit in randterme, vir 1989, R52 825, terwyl dit in Engeland R35 000 is en in Suid-Afrika maar slegs R6 970.

**Die gemiddelde salaris (1990) per maand wat die gemiddelde geskoolde werker in Suid-Afrika ontvang (dit verskil steeds ten opsigte van ras radikaal van mekaar) is:**

| WIT | SWART | KLEURLING | ASIËR |
| --- | --- | --- | --- |
| R2 646 | R879 | R1 068 | R1 485 |

Die gemiddelde salaris wat die gemiddelde grootte huisgesin in Amerika verdien, beloop sowat $2 100 (wit en swart) per maand. In Brittanje is die gemiddelde inkomste vir 'n huisgesin sowat 1 600 pond per maand.

Navorsing wat vanjaar gedoen is, toon dat 'n huishouding van vyf mense, in swart woongebiede, gemiddeld R1 033,26 nodig het om 'n redelike lae lewenstandaard te handhaaf. Verlede jaar het dieselfde grootte gesin R870,56 nodig gehad.

**Huisgesinne in Suid-Afrika spandeer maandeliks gemiddeld die volgende op noodsaaklike dienste en goedere:**

| | SWART | | WIT | |
| --- | --- | --- | --- | --- |
| | 1990 | 1989 | 1990 | 1989 |
| Kruideniersware: | R342,25 | R276,07 | R600 | R530 |
| Skoonmaakmiddels/Higiëne: | R49 | R39 | R230 | R196 |
| Brandstof: | R27,85 | R18,50 | R185 | R161 |
| Klere: | R123,64 | R124 | R220 | R191 |
| Mediese Dienste: | R45 | R30 | R230 | R196 |
| Skool/Huur: | R145 | R110 | R168 | R154 |
| Vervoer: | R60,95 | R53,63 | R195 | R174 |

In Amerika spandeer twee volwasse persone ongeveer $120 per maand aan kruideniersware. Twee volwassenes in Brittanje se kosrekening sal sowat 120 pond per maand beloop.

# Zoeloe-nasionalisme lééf in die hostelle

*"DIT is 'n ernstige morele verbintenis en lede van Inkatha, anders as sommige van ons vrome kerklikes, sterf in die stryd teen geweld. Ons is nie in dié besigheid net om in 'n swart broederoorlog betrek te word nie. Ons is nie hier om die ANC-leierskap in ballingskap uit te roei nie. Ons is hier om ons land te bevry.*

*"Al wat ek sê: God help diegene wat in ons pad staan. Dié wat dit wel doen, sal dan beter verstaan hoe vasbeslote ons is. As hulle nie nou verstaan nie, sal hulle dit môre verstaan - nadat hulle die fout gemaak het om dit nie te verstaan nie. As hulle dit nie môre verstaan nie, sal hulle dit dalk die tweede keer verstaan nadat hulle 'n erger fout gemaak het. As hulle dit nie die volgende keer verstaan nie, sal hulle dit wel verstaan wanneer hulle in die hiernamaals kom."*

**Hoofminister Mangosuthu Buthelezi, in sy toespraak in 1986 voor die sentrale komitee van Inkatha.**

**Vandag is die Witwatersrand 'n bloedbad. Politieke en etniesgegroepeerde twis vier hoogty. Die sterftesyfer bly styg - en so ook dit wat sommiges 'n nuwe soort Zoeloe-nasionalisme noem.**

**Buthelezi se oortuiging staan vandeesweek net so rotsvas soos altyd: "Mense gaan dood omdat die ANC nie met Inkatha wil praat nie."**

**Buthelezi het tydens dieselfde vergadering in 1986 gesê: "Ons is die ware seuns en dogters van Afrika, en dié van ons wat van dié deel van ons land kom, het die bloed van vegters wat deur ons are pols. Ons skroom nie om 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand ons filosofie te maak wanneer dit gaan oor dit wat ons na aan die hart lê nie."**

**THANDEKA GQUBULE ondersoek die onlangse heroplewing van die Zoeloe-identiteit.**



Tsjakadag op Ulundi

(Foto: Rafs Mayet - Afrapix)

DIE hostelle, wat op etniese beginsels tot stand gebring is, het nou die fokuspunt geword van die huidige geweldpleging. Baie van die mense wat dood is, het in die omgewing van hostelle gesterf, of hulle lyke is op treinspore naby die hostelle gevind.

Die hostelle aan die Rand het hul eie kultuur, netwerke en ondersteuningskanale tot stand gebring, verwyderd van die townships, hoewel die geboue binne die townships is.

Volgens Ari Sitas van die Departement Sosiologie van die Universiteit van Natal in Durban is daar "betekenisvolle broederskap in die hostelle". Werkers wat in hostelle woon, deel hul kamers, biersale, danspartye en musiekgroepe. Hulle werk langs mekaar in die fabrieke en beskerm mekaar wanneer werkloosheid begin knyp.

Sitas sê dié mans is verskeur tussen tuisland en stad, tussen getroud te wees en om alleen te loop, werk en werkloosheid, en strydende politieke magte: die oop senuwees van apartheid.

Volgens Sitas is dit wat ons nou nog in die hostelle sien, die laaste doodsnikke van 'n trekarbeiderstelsel wat uitsterf.

Die migrasie van Zoeloes was hoofsaaklik gekonsentreer op stedelike gebiede aan die Rand.

Hy sê die probleem om in 'n hostel te woon waar die inwoners almal van dieselfde geslag is en swak lewensomstandighede en gepaardgaande swak lone tot frustrasies lei, is een ding, maar die bitterheid wat ontstaan as gevolg van vervreemding en politieke afsondering, is meer fundamenteel.

Die hostel-bewoners is dikwels die teikens van jeugdiges in die townships, en loop deur tydens wegbly-aksies en boikotte. Hulle is ook die laaste mense wat te hore kom van massa-optrede in die townships.

Gesien in die lig van die hostelbewoners se etniese groepering en hulle sterk bewustheid van 'n spesifieke etniese identiteit, is dié mense, volgens Sitas, ideaal geskik vir mobilisering op grond van etniese grense. Hy sê dat dié feite gedeeltelik aanleiding gee tot die oplewing van 'n aggressiewe Zoeloe-identiteit aan die Rand.

## Simboliek

Maar daar is ook ander redes. Sitas wys op "die afgelope ses jaar se broei in die hostelle". Hy sê daar was voortdurende mobilisering van hostelbewoners om die stedelike kultuur en sy simboliek van straatkomitees, comrades en die ANC teen te staan.

Hostelbewoners word as die laer klas van die township-bevolking beskou. Dit wil voorkom of die ANC die elite van die township gemobiliseer het - en daarom kan daar geargumenteer word dat die aanvalle deur die hostelbewoners die opstand van die verdruktes van die townships is.

Die etniese Zoeloe-identiteit wat in die hostelle te bespeur is, word as die teenpool van 'n ander identiteit beskou. Dié identiteit is die stedelike mosaïek van etniese groepe. Die jeug van die townships word gesien as 'n absolute antipool van dié identiteit. Hulle het geen respek vir gesag nie, is bandeloos en het geen benul van orde nie. Hulle is sakkerollers, dwing ou mense om nie te gaan werk nie en het geen respek vir tradisie nie; dit is die beeld wat met die jeug geassosieer word. Tog word die jeug beskou as die mense wat ekonomies meer bevoorreg is.

## Heersend

Die hostelbewoners verwerp ook die jeug se politiek. Die Zoeloe-identiteit word telkemale deur Zoeloe-leiers as sterk, heersend en vegtend beskryf. Respek vir die oues van dae is 'n integrale deel van dié identiteit, en so ook die onaanvaarbaarheid van beledigings. 'n Belediging van die simbole van die Zoeloe-identiteit, soos die koning en hoofman Buthelezi, word as ernstige aanvalle op die nasionale trots beskou, wat gewreek moet word.

Sosio-ekonomiese omstandighede het ook 'n rol te speel in die losbars van geweld waarin sommige mense op etniese gronde groepeer. Daar was in die laat-tagtigerjare 'n grootskaalse afdanking van werkers in die staalnywerheid en baie hostelbewoners het skielik sonder werk gesit. Al waaraan hulle nog kon vasklou om nie hulle identiteit te verloor en in die politieke en sosiale wildernis te verval nie, was hulle etniese identiteit gegrond op hul plek van afkoms.

Vir die trekarbeider is sy huis 'n arm, dog betekenisvolle plekkie. Dit is die vergestalting van orde en goeie sosiale waardes. Volgens Sitas word dié huis dan 'n geromantiseerde plek, waar Zoeloe-wees, orde en gesag in stand gehou word. Sitas wys daarop dat in die geval van trekarbeiders, afstand die hart warmer laat klop. Die Zoeloe wat hom in die "vreemde" bevind, is dikwels meer Zoeloe as die een by die huis.

Die meeste trekarbeiders is Zoeloes. Wat die leiers van vakbonde egter dronkslaan, is die feit dat Zoeloe-sprekendes in die tagtigerjare baie prominent was in die leierskap-strukture van ANC-gerigte vakbonde soos Cosatu. Vakbondleiers skarrel nou om te kyk wat verkeerd geloop het.

## Bewussyn

Volgens Sitas het die trekarbeiders 'n sterk etniese bewussyn gehad, maar hulle was nog altyd saamgesnoer deur 'n gemeenskaplike situasie - om 'n trekarbeider te wees.

Maar iewers het daar nou iets meegegee.

Antwoorde op die vroeëre faksie-gevegte in die hostelle word op die fabrieksvloer gesoek, maar dit bied nie genoegsame verduideliking vir die aggressiewe gemoedstoestand wat tans in die land heers en wat met die vloed van Zoeloe-nasionalisme gepaard gaan nie.

Op sielkundige gronde word daar deur Loyd Vogelman en Graham Sampson van die Departement Sielkunde van Wits antwoorde gesoek. Hulle voer aan dat die hostelle, as inrigtings uitsluitlik vir mans, seksuele chauvinisme versterk.

Sitas verduidelik dat die wêreld van die trekarbeider om oorlewing wentel. Dit is 'n stryd teen township-bendes, moeilike werk- en swak lewensomstandighede.

Dan is daar die argument dat die Zoeloe-identiteit die idee van krag en krygsmanskap as grondslag het.

Steve Marais, 'n akademikus en Inkatha-kenner van Natal, sê die mans kom van Natal af waar 'n oorlog woed waarin meer as 4 000 mense reeds dood is.

Marais voer aan dat die geweld juis nou losgebars het omdat Inkatha nou sy politieke identiteit met politieke lidmaatskap wil vervang.

Maar daar is ook die oproepe deur die ANC, deur middel van 'n grootskeepse media- en politieke veldtog, dat KwaZulu as 'n tuisland ontbind moet word.

## Koninkryk

Inkatha het op sy beurt die Zoeloes probeer saamtrek om, soos wat Buthelezi dit genoem het, die koninkryk van die Zoeloe te beskerm.

Marais beklemtoon dat dié etnisiteit situasiegebonde is. Hy wys op die gevegte in 1949 tussen Zoeloe-hostelbewoners en Indiërs in Durban. Hy sê die skaarsste van grond en uitbuiting in die werksplek soos wat dit deur die swart bevolking ervaar is, het gelei tot oorbeklemtoonde etniese gevoelens.

Buthelezi se Inkatha-beweging, wat nou 'n politieke party is nadat dit vroeër bloot 'n kulturele beweging was, het die afgelope paar maande in hostelle aan die Rand vergaderings gehou en lede gewerf in sy soeke na 'n magsvesting buite die grense van Natal.

Vir die etniese Zoeloe is die simboliek van Inkatha 'n baie belangrike een. Dit is die hart van die volk se identiteit.

'n Inkatha is rond en dik. Dit word gemaak van gras en die ekskresie van die koning. Dit word deur kruiedokters behandel en ingevryf met braaksel en die vel van 'n luislang.

## Privaatheid

By sekere geleenthede word die Inkatha voor die hele volk in die ope gebring, hoewel dit in privaatheid en geheimhouding gemaak word. Die koning staan dan in die middel van die Inkatha en simboliseer so sy verwantskap met die Inkatha en die volk.

Die Zoeloe's glo dat as die Inkatha verbreek word, sal dieselfde met die koningshuis en die koning self gebeur.

Vandeesweek was daar egter tekens van spanning tussen die koningshuis en Inkatha. Prins Mcwayizeni Zulu, sameroeper van die koninklike familie, het Buthelezi verbied om sy neus in die sake van die koninklike familie te steek. Prins Zulu is 'n lid van die Kongres van Tradisionele Leiers, Contralesa, wat Buthelezi onlangs beskryf het as "die spies in die hart van Zoeloe-eenheid."

## *'n Nes van ongeregtigheid...*

# ...of mense wat besorg is oor mense?

**Wie onthou nog die groot smeerwoorde van die sewentigerjare - "sensitiwiteitsopleiding", "T-groep", en "breinspoeling"? En wie onthou nog die uitlating van John Vorster, toenmalige Eerste Minister, oor die Wilgespruit Fellowship Centre? "A nest of inequity", het hy dit genoem, overgeset synde "'n nes van ongeregtigheid", wat "opgeruim" moet word. Wilgespruit was onlangs weer in die nuus. Die keer omdat dit tot verslaggewende organisasie verklaar is ingevolge die Wet op Openbaarmaking van Buitelandse Befondsing. INA VAN DER LINDE het met eerw Dale White, direkteur van Wilgespruit, oor die Schlebusch-kommissie en die jare daarna gaan gesels**

'N ONGEMAKLIKE enkelspoorsementpad lei al met die bergrante van Roodepoort langs tot by die Wilgespruit Fellowship Centre. Dit bestaan uit 'n aantal onopvallende geboue wat hier en daar teen die rotsagtige heuwels vasgeplak is.

Die geboue bestaan uit kantore, 'n eetkamer en vergadersaal, 'n konferensiesentrum en slaapgeriewe vir 160 mense, 'n winkel waar die handewerk van selfhelp-projekte verkoop word, en enkele woonhuise, waaronder dié van Dale White, sy vrou Tish, en hul gesin.

Van die hoofgebou af het mens 'n uitsig oor die wye vallei wat deel uitmaak van die uitgestrekte grondgebied van 82 hektaar. En as jy mooi kyk, kan jy net-net die sowat 50 plakkershuise sien wat onder 'n lappie bloekombome onder in die vallei uitsteek.

Die gemeenskap wat hier gehuisves word, het gewoon in 'n gebied waar sinkgate sommer oornag in die grond verskyn het.



**Tish White**

Die Whites is die afgelope paar jaar reeds in 'n dispuut met die stadsraad gewikkel oor die feit dat hulle die plakkers huisves. Ingevolge die bepalings van die nuwe Wet op Plakkery kan hulle beboet word met 'n bedrag van R5 000 per plakker.

Wilgespruit is van sy vroegste jare af omstrede. Nie sonder rede nie, want die ontstaan van die sentrum hou regstreeks verband met die bewindsoorname deur die Nasionale Party in 1948. 'n Groep predikante uit die sogenaamde Engelse kerke, wat hulself die "broederskap" genoem het, het besluit om die sentrum te stig ten einde die sosio-politieke situasie aan te spreek.

Hoe sterker die beleid van apartheid ingeburger geraak het, hoe meer het die sentrum op sosio-politieke kwessies begin fokus, vertel White, 'n man in sy middel-vyftigs.

Die man wat deur die toenmalige Eerste Minister, John Vorster, daarvan beskuldig is dat hy die "nes van ongeregtigheid" bestuur het, is klein van postuur, praat met 'n sagte stemtoon en lyk heel onskadelik. Sy kantoor, soos trouens al die ander geriewe hier, het net die nodigste in. En wat daar is, is nie nuut nie.

As White praat oor die kommissie wat in 1973 aangestel is om onder voorsitterskap van Alwyn Schlebusch, later minister van Binnelandse Sake, ondersoek in te stel na Wilgespruit se bedrywighede, doen hy dit sonder beskroomdheid.

Saam met Wilgespruit is die Instituut vir Rasse-aangeleenthede, Nusas, die University Christian Movement, en die Christelike Instituut van Beyers Naudé ondersoek.

Van die gevolgtrekkings van die Schlebusch-verslag was onder meer dat Wilgespruit 'n opleidingsentrum is waar vir radikale sosiale en politieke verandering gewerk word.

Dit word bereik deur "die misbruik van sensitiwiteitsopleiding waarby jongmense wat optree as leiers in verskillende organisasies, betrek word onder ander pretensies en onder die dekmantel van die instituut se christelike ekumeniese verbintenisse..."

Wat die kommissie destyds al gehinder het, was dat Wilgespruit uit die buiteland gefinansier word. Die instituut is daarvan beskuldig dat dit nie optree in ooreenstemming met "normale siening van godsdienstige praktyke" nie.

White sê die Schlebusch-kommissie het hom daarvan beskuldig dat hy die jeug mislei en besig is met breinspoeling. Hulle het ook beweer die mense wat gebruik word om die programme aan te bied, nie voldoende opgelei was om die sensitiwiteitsgroepe te hanteer nie, dat daar seksuele wangedrag plaasvind, en dat hulle besig is met politieke sake in plaas van religieuse sake.

Die vier programme wat Wilgespruit aangebied het, was die Domestic Workers' Project, die Youth Ecumenical Services Programme, die Urban and Industrial Mission Programme en die Personal Relations Organisation and Development Programme (Prod).

Hoewel al die programme op sosio-politieke veranderinge ingestel was, was dit veral Prod wat onder die soeklig beland het. Die rede: daar is van sensitiwiteits-opleiding gebruik gemaak in die kursusse.

White verduidelik: "Kerke in die VSA het 'n benadering ontwikkel om leierskap- en opvoedkundige opleiding te doen wat nou verwant is aan die T-groep-programme wat vroeër deur die Amerikaanse regering gebruik is om troepe op te lei...

***'Ek doen net wat ek voel nodig is, of dit nou is om die hongeres te voed, of gemeenskapleiers op te lei.'***

"Die doel van die opleiding is om leiers in staat te stel om bewus te word van die uitwerking wat hulle as individue op ander mense in 'n groep het. Hulle leer om te verstaan hoe hulle deelname ander mense in 'n groep bevorder of benadeel."

'n Groep wat kom vir 'n kursus, gebruik hulself as 'n agenda. Met behulp van 'n fasiliteerder word gepraat oor inhibisies, sosiale normes en waardes, patrone van interaksie en die uitdagings om vooroordele op die gebied van ras, seks, en ouderdom te oorkom.

"Deelname aan die program het onder andere gelei tot 'n reoriëntasie oor die waardestelsels van die apartheidsamelewing. Mense het begin vrae vra soos waarom kan ons nie woon en werk waar ons wil en assosieer met wie ons wil nie.

"Die doel hieragter was om mense te help om hulself beter te verstaan. Dit kan verandering laat plaasvind en is baie bevrydend."

Die beskuldigings van die Schlebusch-kommissie was 'n totale wanvoorstelling van waarmee hulle besig was, sê White. "Hulle het ons gesien as die vyand omdat hulle geglo het ons aktiwiteite 'n bedreiging vir die status quo inhou."

Die kommissie se interpretasie van die feite hang ook nou saam met 'n enge siening van wat die taak van die kerk is. Vir hom hang die taak van die kerk saam met alles waarby mense betrokke is.

Die kerke betrokke by Wilgespruit het daarna besluit om sy eie kommissie van ondersoek na Wilgespruit aan te stel.

Regter Dendy-Young van die hooggeregshof in Botswana het dit gelei. Getuienis is geroep uit die sensitiwiteitsgroep op grond waarvan die Schlebusch-kommissie sy gevolgtrekkings gemaak het. Hieruit het heeltemal 'n ander perspektief gekom as in die Schlebusch-kommissie, sê White.

"Ons het skoon daaruit gekom. Die bewerings oor seksuele wangedrag wat aan die groep toegedig is, is opgeklaar. Dit was te wyte aan die vrye taalgebruik binne 'n groep waar mense mekaar vertrou het. Net die spesifieke groep wat op daardie tydstip betrokke was, kan werklik praat oor wat in die groep gebeur het.

"Die regering se enigste getuienis het berus op dié van 'n student wat die groep geïnfiltreer het, terwyl die hele groep behalwe die infiltreerder voor die Young-kommissie kom getuig het," sê White.

Young het, anders as die Schlebusch-kommissie, bevind dat die personeel van Wilgespruit buitengewoon goed gekwalifiseer was om sensitiwiteitsopleiding te doen.

Schlebusch se verslag was egter die "amptelike" verslag. "Ons verslag het tweede uitgekom en toe was die skade reeds gedoen", sê White.

Daarna het die aktiwiteite by Wilgespruit teruggesak tot bykans niks.

Hy is vir drie maande met verlof in 1978, en het teruggekom met nuwe voorstelle. Nuwe programme is begin, wat kursusse in gemeenskapsorganisasie behels het. Gemeenskapsleiers is opgelei om te help met gemeenskapontwikkeling, onderhandeling en opleiding, sogenaamde "people's empowerment".

Die gesin het die nagevolge van Schlebusch lank met hulle saamgedra. Die White's se paspoorte is ingetrek, en ook hulle kinders s'n.

"Schlebusch het my gewys hoe ander mense ons werk sien en hoe swak ingelig die owerhede is, omdat hulle op inligting van informate moet berus. Ek het begin verstaan hoekom ek as 'n vyand van die staat beskou word...


"Wat my betref was my integriteit ongeskonde. Daar was baie druk op ons as gevolg van die wanindrukke wat deur die kommissie geskep is. Dit het die kerke lank geneem om die sinistere bedoelinge agter die regeringsoptrede te besef, maar dit het uiteindelik tog deurgeskemer."

Die sentrum word op die oomblik weer bedreig deur die feit dat hulle ingevolge die Wet op Buitelndse Befondsing tot 'n verslaggewende organisasie verklaar is.

"Dit waarmee ons nou besig is, gaan in die toekoms nog baie belangriker word.

Ons werk met die behoeftes van mense op die laagste vlak. Dit gaan oor plakkers, leierskap, selfontwikkeling.

"Ons moet aanvaar dat die regering ons steeds as die vyand sien. Dit hang saam met hul siening van godsdiens en Christus, wat baie eng is. Die kerk se aktiwiteite is volgens hulle beperk tot saligmaking en hulp aan die armes. Wat ons doen, word



**Eerw Dale White**

regoor die wêreld gedoen en behoort nie verdag gemaak word nie.

"Ek volg net die roete wat deur mense gestel word, en daarin glo ek volg ek in die voetstappe van Christus. Ek doen net wat ek voel nodig is, of dit nou is om die hongeres te voed, of gemeenskapleiers op te lei".

Hy haal die Russiese skrywer Yiriyef Teshenko aan: "Hoe beskaamd sal ons staan as ons kinders moet sien dat die optredes waarvoor ons gemartel is, bloot dade van basiese goedhartigheid en menslikheid was."

# Eerwaarde weier om aan Wet te voldoen

DIE Wilgespruit Fellowship Centre, die enigste liggaam wat ingevolge die Wet op die Openbaarmaking van Buitelandse Befondsing tot 'n organisasie verklaar is wat aan die regering verslag moet doen oor waar sy buitelandse geld vandaan kom, gaan weier om aan die vereistes van die Wet te voldoen, sê eerw Dale White, die direkteur.

Dit kan tot gevolg hê dat Wilgespruit, wat in 1948 deur die sogenaamde Engelse kerke gestig om - volgens die bekendstellingsbrosjure - die "opwelling van rassisme en nasionalisme" na die bewindsoorname deur die Nasionale Party, te probeer bekamp, finaal sy deure sal moet sluit.

Die sentrum gaan die wetgewing beveg, sê White, wat intussen 'n aansoek by die Hooggeregshof ingedien het om te vra dat die Wet nietig verklaar word. Die Registrateur van Verslaggewende Organisasies en Persone, 'n staatsamptenaar wat spesiaal aangestel is om te bepaal wie oor hul buitelandse fondse verslag moet doen, het ingestem om die wetlike prosedures uit stel tot na die hofaansoek afgehandel is.

Die vier organisasies wat deur die Registrateur ondersoek is, is die End Conscription Campaign, Idasa en Kagiso-Trust, 'n onafhanklike gemeenskapsorganisasie. Wilgespruit is die enigste wat beveel is om ingevolge die Wet, alle geld wat uit die buiteland ontvang word, te verklaar.

Die Wet bepaal ook dat die buitelandse fondse in 'n sesmaandelikse verslag uiteengesit word, dat die naam en adres van die skenker verskaf word, die doel waarvoor die geld geskenk is, en die voorwaardes van die skenking.

Indien 'n organisasie sou weier om kennis te gee dat geld van die buiteland ontvang is, of inligting oor die bron en die doel van die geld weerhou, kan 'n maksimum vonnis van R40 000 boete of tien jaar tronkstraf opgelê word.

Stem die Registrateur nie saam met die doel waarvoor geld ontvang word nie, of die wyse waarop dit aangewend kan word nie, kan hy die geld vries en na die skenker terugstuur.

Wilgespruit, wat 'n jaarlikse begroting van R2,5 miljoen het, ontvang op die oomblik geld van twintig buitelandse bronne, sê White. Dit beteken dat hy beboet kan word of tronkstraf kan kry vir elkeen van die bronne wat hy nie verklaar nie.

"Die inligting oor buitelandse geld wat ons ontvang, is reeds beskikbaar in vorms wat ons by die Reserwebank invul en waarin ons sê waarvoor die geld bedoel is.

"Indien die regering meen dat almal wat oorsese geld ontvang, geregistreer moet word, sal ons toestem daartoe, maar wanneer die regering selektief te werk gaan en net sekere organisasies vra om hul bronne te verklaar, moet 'n mens begin vra wat die optrede motiveer.

"Lees 'n mens die fyndruk van die Wet, blyk dit dat die Registrateur ook diegene wat geld van ons ontvang, kan ondersoek".


White sê hy voorsien dat optrede teen die sentrum 'n domino-effek sal hê. "As Wilgespruit ondergeploeg word, is die volgende om te gaan die SARK, en daarna is daar nog sowat 196 organisasies wat ondersoek kan word."

## Seksboeke nou die fokuspunt

# Sensuur, o sensuur!

**WILLIAM PRETORIUS bekyk die oënskynlike groter vryheid in die boekbedryf**

Nou beskikbaar




Nie op die boekrak



ROBERT MAPPLETHORPE

SUID-AFRIKA het verander. Die ANC, SAKP en PAC is wettig. Maar sensuur duur voort - ná dramatiese woelinge: volgens koerant-berigte het die "verkrampte" Piet Oosthuizen, vise-rektor van die Universiteit van Pretoria, amper hoof van die Appèlraad geword.

Prof. Kobus van Rooyen, wat as 'n "verligte" sensor beskou is, het afgetree.

Waarom 'n verkrampte sensor? Mense het glo, reg of verkeerd, só bespiegel: omdat die politiek drasties verander het, moet die regering ook die regsgesindes paai - dáárom 'n "verkrampte" hoof van die Appèlraad. Prof. Van Rooyen was té liberaal. Hy het die Biko-prent "Cry Freedom" goedgekeur. Sy huis is onder die bomme gesteek.

Na 'n bohaai in die koerante is Louis Pienaar, gewese administrateur-generaal van Namibia, as hoof van die Appèlraad aangestel.

Volgens sensuur-deskundiges word sensuur meer verdraagsaam. Minder boeke word verbied, soms selfs géén boeke nie. Boeke-sensuur sal geleidelik uitgeskuif word, en onwelvoeglike foto's of publikasies sal 'n saak vir die polisie of ander instansies word.

Miskien. Maar die "verdraagsaamheid" teenoor boeke kom te laat: boeke het duur geword, dit word 'n elite-produk, nes kunsrolprente.

### Boikot

Die kulturele boikot het pryse opgestoot, want sekere boeke word van agente bestel pleks van regstreeks van die uitgewers. Boonop sorg die oop en geslote mark wat boekpryse en beskikbaarheid in Suid-Afrika bepaal dat die keuse van boeke minder word. Soms druk 'n oorsese uitgewer ook te min eksemplare van 'n boek en bly daar niks oor vir die Suid-Afrikaanse mark nie.

Ewe erg is die invloed van die monopolie in die Suid-Afrikaanse boekbedryf wat bestaan uit Exclusive Books vir beter-klas leesstof en die CNA vir blitsverkopers, ens. Albei behoort aan CNA-Gallo.

Pryse styg. Maar nie oral ewe veel nie. Byvoorbeeld, 'n boek soos "Alien Zone" (Verso), kos R44,95 by die nuwe, onafhanklike Phambili-boekwinkel in Johannesburg. Exclusive se prys: R63,30.

Paul Virilio se "War and the Cinema" (Verso) is R44,75 by Phambili - en R50,00 by Exclusive. 'n Boek soos David Harvey se "The Condition of Postmodernity" (Blackwell) kos R49,75 by Phambili en by Exclusive R73,85.

Van Schaiks Boekwinkel verkoop "The Best of Ogonyok: The New Journalism of Glasnost" teen R45,99. Exclusive verkoop dit teen R50.

Die pryse van Suid-Afrikaanse boeke wissel ook. Phambili verkoop Taurus se "Crossing Borders: Writers Meet the ANC" teen R15,00 - die prys wat die uitgewers aanbeveel. Exclusive in Hillbrow se prys is R16,95 - terwyl die CNA in Hillbrow R29,95 vra!

Phambili se pryse sluit 'n billike wins in, verseker die bestuur my. Waarom die verskil? Blykbaar betaal 'n mens vir gespesialiseerde dienste by Exclusive.

### Marx en Lenin

Maar terug na die amptelike sensuur:

Politieke boeke word nie meer verbied nie. Verlede jaar het die polisie Francis Meli se "South Africa Belongs to Us: A History of the ANC" en Campschreur en Divendal se "Culture in Another South Africa" (oor die 1987 ANC kuns-konferensie in Amsterdam) gekonfiskeer. Nou is hulle vrylik beskikbaar.

Soos ook boeke deur Mary Benson, Albie Sachs, Nelson Mandela, Donald Woods, Steve Biko, ens. 'n Mens kan nou Marx en Lenin se werke koop, en die anti-koloniale boeke van Franz Fanon wat politieke geweld en revolusie as onvermydelik in koloniale situasies beskou.

Dis nou seksboeke se beurt om die fokuspunt van sensuur te word. Verlede jaar het die polisie ook 'n foto-boek van die fotograaf Robert Mapplethorpe gekonfiskeer. Mapplethorpe, aan Vigs-verbonde siektes dood, het seksueel eksplisiete foto's van mans geneem, veral uit die sado-masochistiese kultuur.

Die Mapplethorpe-boek, onnodig om te sê, verskyn nog nie op die boekrakke nie.

### 'Konteks'

Die soort ding wat nou op die verbode lys verskyn, is: "Forum: A-Z of Sex: The Complete Sexual Encyclopedia 1990", "Aphrodisiacs: An Encyclopedia of Erotic Wisdom", "Making Love: A Woman's Guide to the Sexual Wilderness", "Kinky Affairs", "Penthouse Forum", "Penthouse Variations, Vol 12", "Sexual Positions: Book Two: The Ultimate Guide to Lovemaking", "Eroticon IV", Victoriaanse porno soos "Devil's Advocate" en "Two Sisters", en verskeie voorwerpe soos koffiebekers, sleutelhouers, waterpistole ens. met erotiese vorms, prente of slagspreuke.

Boek-omslae word weer verbied: 'n mens mag nie kyk na die prente op die voorblad van dr Wilfred Lester en Noel Botham se "Seven Sexual Ages of Women" of Paul Clay se "The Experimenters" nie.

En al die toekomstige uitgawes van die gay-tydskrif The Advocate wat in-diepte verslag doen oor die gay-politiek, is verbied.

Inderdaad, die indruk word gewek dat politieke vryheid na die verkeerde koppe toe gegaan het en allerhande wellustige mense aangespoor het om erotiese boeke en tydskrifte in te voer. Waar was al dié stoute goed 'n ruk gelede?

Die sensors se argumente begin ook "liberaal" te klink, met 'n klem op die idee van "konteks" wat 'n akademiese "objektiwiteit" aan hul argumente verleen.

In 'n onlangse onderhoud het Louis Pienaar op Engels gesê: "I believe in freedom of speech, full stop. As far as it is politics or art it is the same thing. As far as a person uses say explicit language not tolerable to the rest of society, he must expect his freedom of speech to be limited to those who have the necessary discernment to accept it."

In werklikheid bepaal Piénaar die "konteks" van vloekwoorde: hulle moet deel van 'n "kuns"-produk wees en beperk word tot diegene wat "ingelig" is. Die breë massa, vermoedelik, is oningelig.

Die gebruik van "konteks" is merkwaardig duidelik gemaak tydens 'n onlangse bespreking van seks en geweld in rolprente op die Christelike TV1-program "Kruis en Kroniek". Die deelnemers was ds. Danie du Toit van die Direktoraat van Publikasies, prof. Kobus van Rooyen, prof. Pieter Fourie van die departement Kommunikasiekunde aan die Universiteit van Suid-Afrika, en die rolprentresensent Leon van Nierop.

Almal is dit eens: die Christen moet leer om geweld en seks binne konteks te aanvaar - vermoedelik in 'n sekulêre konteks. Dit hang af van hoe seks en geweld aangebied word.

Boonop is opvoeding nodig. Hoe meer gewone mense - wat die sensors tans moreel beskerm - oor die konteks van rolprente verstaan, hoe meer kan dié mense aanvaar.

### Sameswering

Die argumente oor "konteks" is vir my twyfelagtig.

Vir eers, dit skep argumentasie waarin akademici en sensors saamsweer - dis iets wat sensuur geldig maak.

Die begeerte om die konteks, en, dus, die teks te beheer, kenmerk 'n sensor-mentaliteit. Sensuur maak ontleding en kritiek aktief, want hulle kan 'n skeppingsproduk letterlik verwoes deur die verbod. Hul ontledingsretoriek is nie daarop gemik om skeppingsprodukte, die goeie, die slegte en die aanstootlik, te verstaan en te laat leef nie, maar om die konteks te skep waarin die produk verdoem of nie verdoem word nie.

Die "konteks", volgens die argument, word onwenslik wanneer dit die onderwerp uitbuit. Die konteks van populêre kuns waarin uitbuiting 'n geldige deel van die skeppings-tegnieke kan wees, word selde in ag geneem. Of verdedig.

Soos, byvoorbeeld, pornografie. Die sensors skep net een "konteks" vir porno, en dit is misdaad. Sodoende verwoes hulle die "konteks" ook.

Maar porno werk binne verskeie uiteenlopende kontekste, elkeen met verskillende kodes waarin erotiek geskep word.

In Amerikaanse porno, byvoorbeeld, word erotiese beelde volgens 'n kapitalistiese stelsel bemark. Dis dikwels baie anders as, sê maar, Europese porno waarvan die beelde dikwels 'n openlike seksuele genot toon.

### Porno

Britse porno neig soms om "kinky" te wees, met 'n klem op seksuele speletjies - die onderwyser wat die skoolmeisie 'n pak gee, is 'n klassieke tema.

En dit, op eie beurt, is baie anders, byvoorbeeld, as die uitbundige seksuele beelde op oeroue Indiese tempels.

Boonop, daar is breë kontekstuele verskille tussen heteroseksuele porno en gay porno. Waarom moet die konteks waarin seks eksplisiet uitgebeeld word, altyd onwenslik wees? Porno, in watter vorm dit ook al verskyn, is 'n geldige deel van menslike kommunikasie.

Mapplethorpe se werk word dikwels as porno beskou - maar dis eerder "kuns".

Mapplethorpe was self deel van die kultuur wat hy uitgebeeld het. Die afbreking van die grens tussen fotograaf en onderwerp bring 'n intense, nuwe visualiteit aan gay seksualiteit - of seksualiteit per se. 'n Mapplethorpe-foto is onmiddellik herkenbaar, met 'n oorspronklike en opsienbarende estetiese dinamiek in die foto's wat die steriele, automatiese seksualiteit van sekere pornografie verbysteek.

Maar daar is nou geen konteks vir Mapplethorpe se werk anders as misdaad nie.

Sensors kan op die ou end net sensors bly. Hulle kan die verdraagsaamheid van die konteks verander soos hulle wil, maar hulle sal altyd 'n verwoestende grens behou, ondanks al die retoriek oor konteks ens.

As hulle dit nie doen nie, dan is hulle nie meer sensors nie, en dan verdwyn hul bestaansreg.

Onder redaksie van KOOS PRINSLOO

GESPREK

*'Politiek is 'n minderheidshobby'*

# Stem nou, onderhandel later

**M**: Denis, dis al asof jy meer en meer van 'n tipiese Suid-Afrikaanse liberal word. Jy is seker maar 'n slagoffer van jou agtergrond...

**D**: Glad nie. Inteendeel, ek baat nou by my agtergrond. Ek was al 'n liberalis in die dae toe ek nog 'n kortbroek gedra het. Ek het grootgeword vol skuld en daai goed. Al die jare het mense soos jy gesê ons is kafferboeties en pienk liberals en so aan. Ek is nou deur al daai twak, jy weet, ek kom nou aan die anderkant uit waar ek kan sê nee wat, the past is past. To hell met skuld en angst, ek is nou met die toekoms gebother, môre en oormôre. Ek wil nou 'n ordentlike land hê waar daar 'n ordentlike lewe vir my en my gesin en ander mense is. Ek en my gesin, dis eintlik my bottomline. Maar as jy 'n ordentlike land vir jou gesin soek, dan moet dit ook 'n ordentlike land vir ander mense wees.

**M**: Maar die probleem is hoe om daar uit te kom. Dis mooi om te hoor iemand sê gee net vir elkeen 'n stem en ons het 'n demokrasie en Utopia wag vir ons. 'n Liberale Utopia waar die silent majority sal opstaan en sy stem dik maak. Dis Afrika dié. Mense hier het warm bloed. Liberals se bloed is gewoonlik 'n bietjie dun. Kom ons wees realisties oor wat moontlik is in ons gemeenskap.

**D**: Nommer een. Hierdie ding van dik bloed en dun bloed is sommer nonsens. Meeste mense enige plek wil maar normale lewens leef. Nommer twee. Wie praat van Utopia? Nie ek nie. Ek soek stabiliteit.

Ek en jy en Van der Merwe van die KP en Mosala van die PAC het eintlik dieselfde bottomline. Ons wil ordentlike lewens hier leef. Ek bemoei my daarmee om 'n gemeenskap te kry waar ons so 'n lewe kan leef. Dis eintlik redelik eenvoudig om so 'n gemeenskap te skep, waar daar ontwikkeling is vir almal. Die eerste stap is om die onnodige wrywingspunt van wie is 'n burger en wie het watter regte uit die weg te ruim.


Ons moet begin argumenteer by die punt dat almal gelyke regte het. Wat ek wil sien, is 'n land waar alle mag herlei kan word na die outjie wat sy stem uitbring.

**M**: Jy maak of alle Suid-Afrikaners rustige, rasionele burgers is sonder 'n bittere geskiedenis. Kan jy al die dinge sê na jy byvoorbeeld na die konfrontasie in Welkom gekyk het?

**D**: Die Welkom-situasie maak dit juis meer belangrik om dié dinge te sê. Naas Welkom is daar die bloedvergieting in Thokoza en Soweto en so aan. Al wat ek wil hê, is dat die mense se politieke energie in die nuwe, ordentlike stelsel vasgesluit word. Hoe meer potensiaal daar vir geweld is, hoe meer noodsaaklik is dit om die wilde manne uit die sentrale gebied uit te skakel.

Op die oomblik maak dit sin vir mense wat probeer om die lojaliteit van 'n magtelose massa te wen, om te veg en om met wapens rond te hardloop. As die gewone ou die sekerheid het dat daar 'n vrye verkiesing gaan wees waar hy 'n vrye stem kan uitbring, maak dit glad nie sin om geweld te pleeg nie. Die basiese omgewing maak geweld op die oomblik sinvol.

**M**: Dit klink vir my na 'n langtermyn-droom. Is dit nie meer realisties nou in Augustus 1990 om die twee magsblokke min of meer bymekaar





Max du Preez

uit te bring sonder dat hulle hul constituencies verloor nie? Ek het 'n vermoede die AWB-man en die Jong Leeu van Soweto wil dalk nie soos jy sê in die demokrasie ingesluit word nie. Hulle is kwaad en bang. Jy is bekend vir jou sinisme teenoor die ANC, maar hoe kry jy die moeilike elemente bygetrek by 'n min of meer vreedsame skikking as jy nie die ANC en die NP as basiese voertuie gebruik in die proses wat nou voorlê nie?

**D**: Dit is 'n fout om te dink daar is die twee magsblokke en as hulle saamstem is die probleme opgelos. Dit word nou daagliks bewys. Meer en meer geweld. Niemand vat die grootste constituency ernstig op nie. Dit is die don't know-constituency. Onder die wittes is die AWB 'n baie klein minderheid al maak hulle baie lawaai. Aan die ander kant is al die deelnemers aan al die debatte saam maar 'n baie klein minderheid van die swart gemeenskap. Ek twyfel sterk of die gemiddelde swart ou sterker belangstel in die gedagte van swart regering as die gemiddelde KP-ou. Hy wil 'n behoorlike samelewing en ontwikkeling sien, wie ook al regeer is nie sy eerste prioriteit nie. Sy eie lewe is die eerste prioriteit. Jy praat van langtermyn-droom. Vir my is dit vandag se saak. Jy sluit daai ouens in en daar is onmiddellike gevolge. Vir een, die activists kan nie langer vryelik verklaar dat The People dit of dat wil hê nie; die people wys self. Tweedens, 'n groot aantal swartes stem vir FW, al is dit net vir security redes, en dus kom die basiese swart/wit-skeidslyn tot 'n einde. Derdens, die regses hou op om nagmerries oor 'n swart diktatorskap te hê, en hul vrees vir swart stemreg verminder.

**M**: Jy sê die politiek word gepleeg deur die silent majority. Dis mos nie waar nie. Politiek enige plek in die wêreld word gepleeg deur mense wat polities geaktiveer is, wat sterk voel oor spesifieke issues en hulle hard en duidelik uitspreek daaroor. Die silent majority is noodwendig meer irrelevant in die praktiese politiek as die vocal minority, juis omdat hulle silent is.

**D**: Dit is goed dat die meeste mense nie lede is van politieke partye nie. Politiek is oral in die wêreld 'n minderheidshobby. Die vraag is of die minderheid geanker is aan die behoeftes van die gewone ou. Indien wel, is daar stabiliteit - elke plek in die wêreld waar chaos uitgebreek het, was dit moontlik vir magshebbers om daardie anker te breek. Ons moet dié anker onbreekbaar maak deur mag volledig te versprei.

**M**: Dink jy nie die aanvanklike sterk devolusie van mag na streke en plaaslike owerhede kan die huidige ongeregtighede gebore uit apartheid en residensiële skeiding perpetueer nie?

**MAX DU PREEZ en DENIS BECKETT, redakteur van Frontline en deesdae senior skrywer van The Star, stry oor die politiek**

Wat gaan die mense van Verwoerdburg met hul plaaslike outonomie doen? Ek sou graag wou sien dat daar 'n klem kom op nasionale eenheid, 'n verenigde nasie en land, waar die gaping tussen die haves en die have-nots beveg word. Dat ons op 'n gevoelsvlak, 'n emosionele vlak 'n nuwe patriotisme sal aankweek. Dat ons nie soos Zimbabwe sal wees waar die witmense eenkant staan van die Zimbabwe-nasie nie. Dit beteken nie dat ons diversiteit sal verdwyn nie. Selfs die regses wat hulle daar in Welkom so wangedra het, het 'n saadjie van Afrika-wees en Suid-Afrikaner-wees in hulle, al ontken hulle dit. Hulle is trots op hul hele land. Is dié soort gevoel nie die enigste sement wat al die konflikterende deeltjies van ons samelewing gaan vasbind in 'n nuwe, vreedsame nasie nie? Gaan die devolusie nie dalk die sement te veel afwater nie?

**D**: Jou mikpunte en myne is dieselfde. Veral wat die regses betref stem ek saam. Hulle is dikwels die gretigste om vrede daarmee te maak dat hulle in Afrika woon. Ek kan nie dieselfde van my buurman sê wat op pad Australië toe is nie.

Ja, ons het 'n nasionale eenheid nodig. Ek wil ook nie hê ons land moet in brokkies opgebreek word nie. My argument is dat ons 'n vollediger demokrasie as enige bestaande demokrasie kan hê. Die regering kan so 'n ding nou skep, deur 'n struktuur in te stel wat mag volledig versprei. Ek gaan verder: as die regering eers agterkom wat 'n ordentlike een-mens-een-stem-demokrasie behels, sal hulle so 'n ding sonder argument skep.

Vir my is dit legitimate vir iemand om te wil hê sy kinders moet skool toe gaan saam met kinders van dieselfde taal, dieselfde kleur, dieselfde kulturele agtergrond. Dis geen probleem nie. Dit is terloops nie net die Boere wat dit wil hê nie, dis omtrent almal.

Die KP-ondersteuner verwag dat as die nuwe Suid-Afrika hom oorrompel, dan gaan sy hele lewenstyl uitgewis word. Ek wil hê daardie outjie moet uitsien na 'n gemeenskap waar hy weet hy kan kerk toe gaan en sy kinders na 'n Afrikaanse skool toe stuur en so aan.

**M**: Maar hy mag nie ras as 'n voorvereiste stel nie.

**D**: Hoekom nie? As jy sê hy kan enigiets anders as ras as 'n voorvereiste stel, dan nooi jy hom om 'n hele wêreld van deception en subterfuge in te gaan, wat wel die geval in die VSA en elders is.

Ek sien nie integrasie as 'n doel in sigself nie. Ek sien die fondament wat groei en goeie gedrag moontlik maak, as dié doelwit.

Die ou in Wonderboom wil sê: kyk, ons hou van ons klein wit gemeenskappie hier en ons wil sommer net aangaan om wit te wees. As hulle dit doen op die grondslag van demokrasie, dan is dit 100 persent. Seker 99 persent van die swartmense gee nie 'n hel om saam met wie se kind ou





Denis Beckett

Van der Merwe se kind skool gaan nie. Khumalo wil hê sy eie kind moet 'n redelike goeie deal kry.

**M**: Raak jy nie bekommerd oor die vlak van rassisme in ons gemeenskap nie? Is dit nie 'n kritieke probleem in ons samelewing nie?

**D**: Nee, dit is nie. As jy dink aan die ou wat die swartman mishandel, praat jy nie van rassisme nie, maar van brutaliteit. Maar as jy praat van die ou wat bevrees voel oor sy vermoë om die lewe van sy keuse te kan lei en sy vriende en sy lede van sy klub te kan kies, is dit geen probleem hoegenaamd nie. Ek wil net hê hy moet eerbied betoon aan sy landgenote. Dikwels betoon hy nie op die oomblik eerbied nie, en dit is hoofsaaklik 'n gevolg van sy vrees. Gee vir hom veiligheid, dan sal jy oor die algemeen goeie menslike gedrag sien.

**M**: Jy klink nie senuagtig oor die toekoms of ons mense se vermoë om demokrasie te hanteer nie.

**D**: Die regering sien nog die ding van swart stemkrag as die groot bedreiging. Dis 'n fout. Ek het nou die dag met Gerrit Viljoen geargumenteer. Aan die einde het hy gesê jy vra ons om alles oorboord te gooi voor ons nog onderhandel het. Ek dink dit is mal. Hulle moet begin by totale stemreg en totale burgerskap. Daar kan niks goed kom uit enige pogings wat gegrond is op die idee dat een party namens die swartes optree en 'n ander namens die wittes nie. Stel dit oop!

Ek is 100 persent vir die ontperking van die ANC. Maar ek is heeltemal gekant teen die idee dat die regering en die ANC moet onderhandel en 'n deal maak. Ek dink dit is 'n groot fout. Jy sien die ANC min of meer as die stem van die swart massas, en ek sien dit geensins so nie. As 'n politieke party het ek baie min vertroue in hulle. Veral weens die gedagte dat hulle die mense is wat die beste weet en hulle sal die besluite maak.

**M**: Jy wil hê De Klerk moet bloot opstaan en sê next week stem ons vir 'n nuwe regering? Sonder onderhandeling?

**D**: Well, jy stel dit natuurlik as 'n grap. Maar basies, ja. Dit sal die huidige gemors uitklaar. Ons sal uiteindelik weet wie verteenwoordig wie. Myns insiens sal De Klerk-hulle - natuurlik verbreed - maklik herkies word, maar as regering van die hele land en nie net van die wittes nie; ons sal oor die sentrale hurdle spring en dan begin ons met die taak om 'n ordentlike land op 'n ferme fondament te skep.

# *Vrye* Weekblad

## 'n Derde Mag?

Die suggestie dat daar 'n Derde Mag by die bloedvergieting in die Randse townships betrokke is, is uiters onheilspellend.

Daar is weliswaar min vaste getuienis dat so 'n mag betrokke is en wie daar agter sit.

Maar die verduideliking uit swart politieke geledere klink baie logies: die geweld is hoegenaamd nie in die belang van die twee onderhandelingsvennote, die ANC of die Nasionale Party-regering van FW de Klerk nie. Inkatha het nie regtig op sy eie die vermoë om op so 'n groot skaal die bloed te laat vloei nie.

Die enigste mense in wie se belang die dood van die sowat 600 mense die laaste twee weke is, lui die argument, is diegene wat die hele gemeenskap wil destabiliseer, 'n oorlogpsigose wil saai en die klimaat wil teel vir 'n terugkeer na 'n noodtoestand en outoritêre regering.

Nou wie sou dit kon wees?

Soos ons gesê het, is daar geen vaste bewyse vir die aktiewe betrokkenheid van 'n Derde Mag nie, behalwe vir genoegsame inligting dat die polisie in tientalle gevalle die laaste twee weke nie as 'n neutrale instandhouder van wet en orde opgetree het nie.

Soos wat die geval was met die sogenaamde Witdoeke in Kaapse townships en ander vigilante-verskynsels.

Maar met iets so belangriks soos dié, kan Suid-Afrika nie bekostig om te wag vir "bewyse" nie. Dit is te gevaarlik.

Dit begin al soos 'n refrein klink, maar ons moet weer eens ons ernstige kommer uitspreek oor President FW de Klerk se klaarblyklike ernstige onvermoë om te verstaan wat in sy veiligheidsmagte aangaan en om dit aan te spreek.

Ons moet ook weer 'n groot vraagteken laat hang oor sy vermoë om dié kritieke faset van ons toekoms aan te spreek as sy vernaamste veiligheidsadviseurs nog deur die bank totale aanslag-valke is.

Die voortslepende moord en doodslag in die townships duur voort. Buiten die tragiese verlies van honderde lewens, gaan dié episode Suid-Afrika se vordering na 'n vreedsame demokrasie en naasbestaan nog ernstig kortwiek met die bitterheid wat dit skep en die vooroordele wat dit bevestig.

Op die oomblik is die enigste skuldiges wat uitstaan, hoofman Mangosuthu Buthelezi en sy Inkatha-beweging. Selfs adjunk-minister Roelf Meyer het dié week erken dat "political engineering" van die Zoeloes daaragter kan sit.

Ons hoop dat pres De Klerk met hoofman Buthelezi net so reguit en eerlik sal wees as wat hy met die ANC se Nelson Mandela en ander leiers is.

Hoofman Buthelezi se magslus is besig om ons almal se toekoms in gevaar te stel.

## Harms

Die Harms-kommissie het vandeesweek waarskynlik die laaste getuienis oor moordbendes aangehoor.

Vrye Weekblad het in die verlede die kommissie skerp gekritiseer en gesê dat daar nog nooit soveel mense is wat toegelaat is om met soveel moord weg te kom nie. Ons hoop ook nie dat daar ooit weer 'n kommissie gaan wees waar soveel gelieg word nie.

Ons het begrip vir die bitter moeilike taak waarmee regter Harms opgesaal is en dat hy gekortwiek is deur 'n beperkte en eng verwysingsraamwerk.

Sy houding teenoor sekere getuies en sy weiering om ministers Adriaan Vlok en Magnus Malan in die getuiebank tot verantwoording te roep, is onvergeeflik.

Daar was ook duidelik 'n massiewe toesmeerveldtog waarvan sy kommissielede ongelukkig deels verantwoordelik was.

Ondanks die ontevredenheid wat daar in soveel mense-regte-kringe oor Harms was, kan daar vandag geen twyfel meer wees dat ons veiligheidsmagte betrokke was in dade van terreur en moord teenoor linksgesindes nie.

Die BSB is (ons hoop so) ontbind en van sy lede behoort aangekla te word.


Hierdie deel van ons geskiedenis kan nou afgesluit word. Ons weet nou waarteen om in die toekoms te waak. Mag so iets nooit weer gebeur nie.

## *So sê hulle...*

**"So the best way to form a government capable of running South Africa is for the ANC to accept a free enterprise system and dump the communists, while the Nats must accept a full democracy with no special privileges for anyone."** - Dr Zach de Beer, mede-leier van die DP, tydens 'n politieke forum by die Universiteit van Potchefstroom.

**"One wonders whether this is not a change of strategy by architects of divide and rule policies who are working behind the scenes and selling this new option of ethnicity to ill-informed and illiterate hosteldwellers."** - Genl Bantu Holomisa, oor die SAUK se dekking van die afgelope twee weke se geweld.

**"Die regering is nie bereid om met 'n pistool teen sy kop met die ANC en die SAKP te onderhandel nie."** - 'n Regeringswoordvoerder oor die opskorting van die vrywaring van vervolging van twee lede van die ANC en een lid van die SAKP.




## BRIEWE

*Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.*

# Nuwe politieke denke in dié tussentyd

**Henrik Jaars van Bloemfontein skryf:**
Ons bevind ons in 'n vreemde tussentyd.

Hoewel die ou orde nog glad nie verbygegaan het nie, berig die media daagliks van gebeure wat enkele maande gelede haas ondenkbaar was.

Een ding is seker, die veranderde situasie van dié onrustige tussentyd verg nuwe politieke denke van beide die owerhede met sy veiligheidsfamilie en ander organisasies wat nog die fossiele van apartheid aanhang.

Suid-Afrika sal nog fundamenteel en onherroeplik moet verander. Die huidige veranderinge is oppervlakkig en kosmeties. Dit is net maar 'n nog 'n belofte aan die kant van die owerhede. Ons as swart Suid-Afrikaners het steeds nie stemreg nie en ons is nie in die hoofstroom van politieke of ekonomiese besluite nie.

Die grootste oorsaak van armoede is apartheid. Dit het ook dringend noodsaaklik geword dat Suid-Afrika se onderwysprobleme spoedig opgelos moet word.

Ek wil ook my waardering teenoor u koerant uitspreek vir die geesdrif waarmee u werk om die ou orde te help afbreek.

## Portret van die land

**DE Starfield van Johannesburg skryf:**
1. In Febuary pres De Klerk unbanned the ANC, SACP, PAC and others and shortly thereafter dr Mandela was released.

2. The government and the ANC successfully concluded the Groote Schuur and recently the Pretoria Minutes, the latter resulting in an ANC ceasefire. Winnie Mandela and Chris Hani appear to regard the ceasefire in a different light from Walter Sisulu.

3. The CP, AWB, PAC and Azapo repeatedly announce that they are not interested in negotiations and prefer violence to attain their ends.

4. The CP and AWB tell the government that they will mobilise their supporters to arm themselves to police the country against blacks.

5. Dr Buthelezi repeatedly announces being in favour of negotiations but Mandela avoids Buthelezi. The result is war between Inkatha on the one hand and the ANC, UDF, Cosatu, MDM and others on the other hand. It now appears that the Zulus and Xhosas are at war.

6. Strikes, stayaways are the order of the day, no business remaining unaffected. Insolvencies increase, unemployment increases.

7. The ANC and its cohorts, together with the PAC champion continuation of sanctions, and nationalisation as their official economic policy, albeit that the ANC and SACP say this policy is not a holy cow, whatever that may mean.

8. Mandela instructs the school children to return to school, they do precisely the opposite. The government talk and talk about resolving the black education problems, and the most fundamental of all our crises simply worsens.

9. The DP fight within and bleat like sheep.

10. The ANC accuse the police of siding with Inkhata. Inkatha deny inciting violence and accuse the ANC of foul play. The police deny all accusations and shout fair play.

11. Spies, hit squads, police violence are subject to judicial enquiries.

12. And the ANC are still not satisfied that the government policy of dismantling apartheid is irreversible.

13. And while politicians jockey for position, more people starve, more people steal and a whole lot more people die. Men, women and children.

Just an ordinary South African.

The SABC announces a year in advance that Rugby's World Cup will be televised. No cloak and dagger this time round - no springbok players either.

Horse racing prize money increases amid much pomp and ceremony. One race - three quarters of a million rand~! "A nice round figure!"

## Regstelling

**Dries du Plessis van die Boksburgse Stadsraad:**
Ek verwys na die berig in Vrye Weekblad van 13 Julie 1990 met die titel "Regses kaap buurtwagte" waarin u sê dat Jan Heyneke hoof van burgerlike beskerming en Hertjies Engelbrecht die adjunk-hoof van burgerlike beskerming is.

Dit is verkeerd. Heyneke is 'n burgerlike beskermingsbeampte, en hoewel hy die administrasie van burgerlike beskerming behartig, is die hoof daarvan inderdaad die stadsklerk. Engelbrecht is superintendent van sekerheid.

Ek aanvaar dat die verkeerde inligting van die Boksburgse Stadsraad afkomstig is, en vra om verskoning daarvoor. Ek vra u nogtans om die fout reg te stel.

## Related?

**Michael Collins van Kaapstad skryf:**
Your letter (Vrye Weekblad, 10 August 1990) from David Lipsitz of Johannesburg regarding the non-availability of psychiatrists to give testimony in cases of capital crime bears an uncanny resemblance to that in The Argus (14/8/90) from miss J van der Poel, Director, Citizens Commission on Human Rights, Milnerton.

In the immortal words of Private Eye: "Do you think they are related? I think we should be told."

## Optimisties

**Willie Lubbe, koördineerder van die Christelike Demokratiese Beweging van die Strand skryf:**
'n Ontvanklike gesindheid is 'n voorvereiste vir 'n vreedsame en voorspoedige "Nuwe Suid-Afrika". So 'n gesindheid kan alleen bewerkstellig word deur naasteliefde.

Wat is naasteliefde?

"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie." (Markus 12:31)

"Julle moet julle vyande liefhê en goed doen aan die wat julle haat. Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig. Aan hom wat jou op die wang slaan, moet jy ook die ander een aanbied. As julle dié liefhet wat vir julle liefhet, watter dank het julle? Want die sondaars het óók dié lief wat hulle liefhet." (Lukas 6:27-32)

"As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad met die goeie." (Romeine 12:20-21)

Julle moet julle vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat en bid vir die wat julle beledig en vervolg." (Mattheus 5:44)

Want as julle liefhet die wat julle liefhet, watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie?" (Mattheus 5:46)

"Here, wanneer het ons u honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en u nie gedien nie? Voorwaar ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie." (Mattheus 25:44-45)

**Vervolg op bl 22**

# Die Ysman soek wraak

**TINUS HORN**

DAAR was selde vantevore 'n Grand Slam-tennistoernooi waarvan die uitslag moeiliker was om te voorspel as vanjaar se Amerikaanse Ope.

Die vier vernaamste aanspraakmakers se kanse lyk só:

**Stefan Edberg:**

Hy het Ivan Lendl onlangs as die wêreld se voorste speler onttroon, maar hy weet sake kon anders gelyk het as Lendl nie die Franse Ope misgeloop het om hom op Wimbledon toe te spits nie. Dié titel sal sy baasskap oor Lendl bewys en is boonop een van min grotes wat hy nog nie kon wen nie.

Hy is skitterend op dreef en moet as die gunsteling beskou word.

**Ivan Lendl:**

Die "Man van Ys" se teleurstelling by Wimbledon is glo vergete. Nou wil hy wys hy is steeds die wêreld se beste speler en Edberg kan dit ontgeld. Edberg het hom op Wimbledon met die grootste gemak uitgeskakel, maar op die sintetiese sement-oppervlak van Flushing Meadow is hy 'n veel moeiliker teenstander, soos duidelik uit sy vertoningslys die afgelope vyf jaar blyk.

Hy was sedert 1985 in elke eindstryd en het die eerste drie daarvan gewen.

In 1989 het Mats Wilander hom geklop, en verlede jaar was dit Boris Becker. Vanjaar kan weer Lendl se jaar wees.

**Boris Becker:**

Die verdedigende kampioen het 'n groot sielkundige voorsprong op Lendl, wat maar altyd in groot toernooie teen hom sukkel.

Edberg is stellig Becker grootste kopseer. Hy het die voortvarende Duitser se groot afslane selfs op Wimbledon se blitsige grasoppervlak baasgeraak en het dus min op die stadiger sement te vrees.

Becker voel dat die wêreldranglys hom nog altyd stief behandel het. So het hy byvoorbeeld verlede jaar vir Lendl vier keer na mekaar geklop en die titels op Wimbledon en Flushing Meadow ingepalm, maar moes steeds met die tweede plek op die lys tevrede wees.

**Andre Agassi:**

Die held van Amerikaanse tieners is glo vasbeslote om die eerste Amerikaner in ses jaar te word wat dié titel inpalm. John McEnroe het dit in 1984 laas vermag.

Na 'n reeks powere vertonings in 1989, wat glad nie die belofte van die vorige jaar gestand gedoen het nie, het Agassi vanjaar skitterend weggespring deur met Edberg en Becker in klein toernooie af te reken.

Maar kan hy veertien dae se volgehou druk teen die wêreld se beste spelers verwerk en dan nog 'n eindstryd teen 'n man soos Becker wen?



Ivan Lendl



Stefan Edberg

*Vrye* **Weekblad**

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sampie Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**

**Redakteur: Max du Preez**
**Hoofredaksie: Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**

**Bestuur**

**Advertensies en bemarking: Manie Eagar.**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople.**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan**

**Buitekantore**

**Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche.**
**Tel (021) 24 8049 / 23-2722**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

## VSA Ope regstreeks op M-Net

**Die Amerikaanse ope tennistoernooi oorheers M-Net se sportprogramme oor die volgende twee weke.**

**Hulle slaan af met 'n laataand-uitsending op Maandag, 27 Augustus, en van die Dinsdag af sal daar elke dag twee tennisuitsendigs wees - vroeg in die oggend (sesuur op weeksdae en 6.30 oor naweke) en weer laat in die aand.**

**Soggens is die hoogtepunte van die vorige dag se spel te sien, terwyl die laataand-uitsendings uit regstreekse aksie en opnames van die hoogtepunte sal bestaan.**

**Albei enkelspel-eindstryde sal regstreeks uitgesaai word. Die vroue-enkelspel vind op Saterdag, 8 September plaas en die mans pak mekaar die dag daarna.**

**TV1 het vandeesweek gewys dat hy buigsaam is en kan aanpas om aan kykers se behoeftes te voldoen.**

**Die plan was om môremiddag die Curriebeker-rugbywedstryd tussen Transvaal en Natal uit te saai.**

**Omdat die kragmeting tussen Noord-Transvaal en die Oostelike Provinsie egter veel meer belangstelling gaande maak, is hy nou te sien.**

## Die volledige tennis-uitsaaitye is:

**Maandag, 27 Augustus:**
2030-2300: Regstreekse uitsending en hoogtepunte van eerste dag se spel.
**Dinsdag, 28 Augustus:**
0630-0730: Hoogtepunte van eerste dag se spel.
2045: Regstreekse uitsending en hoogtepunte.
**Woensdag, 29 Augustus:**
0630-0730: Hoogtepunte van tweede dag se spel.
2035: Regstreekse uitsending en hoogtepunte.
**Donderdag, 30 Augustus:**
0630-0730: Hoogtepunte van derde dag se spel.
2100: Regstreekse uitsending en hoogtepunte.
**Vrydag, 31 Augustus:**
0630-0730: Hoogtepunte van vierde dag se spel.
2040: Regstreekse uitsending en hoogtepunte.
**Saterdag 1 September:**
0600-0700: Opname van Vrydagaand se spel.
2240-2400: Hoogtepunte-pakket en regstreekse uitsending.
**Sondag, 2 September:**
0600-0700: Opname van Saterdagaand se spel.
2225-2315: Regstreekse uitsending.

**Maandag, 3 September:**
0630-0730: Hoogtepunte van Sondagaand se spel.
2240-2400: Regstreekse uitsending.
**Dinsdag, 4 September:** Opname van Maandagaand se spel.
2040-2200: Regstreekse uitsending.
**Woensdag, 5 September:**
0630-0730: Opname van Dinsdagaand se spel.
2045-2300: Regstreekse uitsending en hoogtepunte.
**Donderdag, 6 September:**
0630-0730: Opname van Woensdagaand se spel.
2100-2300: Regstreekse uitsending en hoogtepunte.
**Vrydag, 7 September:**
0630-0730: Opname van Donderdagaand se spel.
2055-2300: Regstreekse uitsending en hoogtepunte.
**Saterdag, 8 September:**
1700-1900: Regstreeks: Eerste halfeindstryd van mans-enkelspel, gevolg deur eindstryd van vroue-enkelspel.
2035-2400: Tweede halfeindstryd van mans-enkelspel.
**Sondag, 9 September:**
22h00: Regstreeks: Eindstryd van mans-enkelspel.

# City & Suburban se strafste toets

**THABO DANIELS**

DIE span van City and Suburban kom môre voor sy strafste toets te staan wanneer hy die kampioen, Westelike Provinsie, in 'n belangrike wedstryd in die reeks om die SA Beker pak.

Grens se sege oor die WP beteken dat dié reeks nou weer wyd oop is. Daar is vier spanne wat dit uitspook om 'n plek in die eindstryd.

City spog met tien ligapunte - een meer as die WP. Die wenner van dié kragmeting gaan regstreeks deur na die eindstryd.

Grens trek gelyk met die WP, maar het reeds sy program afgehandel. As City wen, en SWD - wat sewe punte het - klop vir Somerset, sal dit beteken dat drie spanne dit om die tweede plek sal moet uitspook.

Die WP het rede tot kommer ná sy vrot vertoning teen Grens. Veral die WP se verdediging het veel te wense oorgelaat. Agterlangs het Anwar Majiet en John Stuurmag maar bra floutjies weerstand gebied.

Die los-trio, Yagya Sakier, Noor Peters en Marley Sain, is ook heeltemal deur Grens oorskadu.

Die lynstane het egter die grootste verrassing opgelewer.

Daar is verwag dat Richard Britten en Ebrahim Ganief dié afdeling van die spel heeltemal sou oorheers, maar Grens se slotte het 'n oormaat skoon besit gewen.

In Afdeling A pak PE Rugbyunie die Oostelike Provinsie in die Dan Qeqe-stadion. Die OP is 'n meer afgeronde span as sy teenstander, en behoort die ligapunte in te oes.

Peru se wen-hoop rus op sy swaar agttal. Veral sy voorry, Luvuyo Mbane, Jumbo Neer en Lucky Mange hou 'n groot bedreiging vir die OP in.

Agterlangs is die OP egter strate beter toegerus as die tuisspan. Sy troefkaarte is Allister Coetzee, Nico Bell en Desmond Kramer.

# OP kry sy laaste kans

TINUS HORN

**DIE rugbyspan van die Oostelike Provinsie het in meer as honderd jaar nog nooit in die eindstryd om die Curriebeker gespeel nie. Dít sal sy vernaamste dryfveer wees wanneer hy Noord-Transvaal môremiddag op Loftus pak.**

**As die OP verloor, is dit verby met sy kanse om Natal in te haal. En die Noorde gaan as oorweldigende gunsteling op die veld draf.**

**Die OP is die enigste span wat vanjaar met die Bulle kon afreken, maar sy grootste bondgenoot in daardie wedstryd was die Noorde se oormaat selfvertroue. Dié keer sal Naas-hulle beslis nie die manne van die Baai onderskat nie. En hulle is glo lus vir wraak.**

**Noord-Transvaal het verlede week gewys dat hy nou eers na sy volle vermoë begin speel. Wes-Transvaal weet nou nog nie behoorlik wat hom getref het nie.**

**Boonop het die OP-keurders die soort waagstuk aangegaan waartoe net hulle in staat is; Hennie le Roux, 'n opwindende maar bra onervare jong senter van UPE, is op losskakel ingespan in die plek van die OP se puntemasjien, Morris Olivier.**

**Le Roux gaan stellig nooit sy vuurdoop vergeet nie. Daarvoor sal Pote Fourie en sy makker sorg. As die jong Uppie dié toets deurstaan, wag daar 'n blink toekoms op hom.**

**Sy insluiting dui net op een ding: Die OP besef sy puik agterlyn is sy enigste hoop. Michael en Jacques du Plessis, Riaan Potgieter en Erich Knoetze moet die Noorde se agterspelers van hul voete af nael.**

**Olivier is vroeër vanjaar weggelaat vir die wedstryd teen Transvaal en dit het regstreeks tot die OP se nederlaag gelei omdat hy niks sonder 'n stelskopper kon vermag nie. Dié keer is Johnny Vermeulen darem op heelagter om pale toe aan te lê.**

**Hy het al strafskoppe van diep binne sy eie halfgebied oorgejaag, maar is veels te wisselvallig om as 'n teenvoeter vir Botha gesien te kan word.**

**Die Noorde se welslae is veral aan sy skrumkrag en sy skakelpaar te danke. As hy daar geneutraliseer word, kán hy geklop word. Dit is hoe die Raukies onlangs met die Tukkies afgereken het: hulle was baas in die vaste spel en het Robert du Preez deurentyd onder groot druk gehou.**

**Die OP se taak is egter veel moeiliker omdat hulle ook met Naas Botha rekening moet hou. Om hom én Du Preez uit 'n wedstryd te merk, het die OP veel meer as Sieg Human se vaart en Tobie Oosthuizen se gewilligheid nodig.**

**In die skrums gaan die tweestryd tussen Frans Erasmus en Jan Lock deurslaggewend wees.**


**"Domkrag" is nog nie vanjaar in 'n skrumstryd geklop nie en is nou weer loshande ons beste voorryman. As hy Lock vasvat, kan die Noorde vergeet van die groot oorwinning waarvan hy sedert sy nederlaag op Boet Erasmus droom.**

**Gary Pagel, die OP se vaskop, het wel teen Transvaal gesukkel, maar danksy Erasmus se goeie werk was die OP redelik goed daaraan toe in die skrums.**

**Die OP se belange lê nie net op Loftus nie. Erasmus-hulle bid ook dat Transvaal Natal op Kingspark klop. As die OP wen en Natal verloor, krimp die Piesangboere se voorsprong na 'n skrale punt - en dan wag die Bulle nog vir Craig Jamieson se manne.**

**Transvaal het die gewoonte om sy beste rugby te speel wanneer daar niks meer vir hom op die spel is nie. Die Rooibontes se swak vertoningslys (hulle het vanjaar meer verloor as gewen) laat nie reg geskied aan sy puik agttal nie.**

**Hulle is toegerus om Natal te klop. Maar is of die motivering daar ?**



Jan Lock...hy moet môremiddag op Loftus vir Frans Erasmus vasvat

# Só kan ons Adri Geldenhuys-hulle in toom hou

**Dok Craven was reg. Die nuwe beheptheid met "veilige rugby" en strenger toepassing van die reëls is maar net 'n sissiefisering van 'n kontaksport waarvan die kontak stelselmatig verwyder word. TIM SANDHAM onthul 'n nare komplot - en doen 'n paar macho voorstelle aan die hand**

IN die goeie ou dae, toe Amerika nog sonder skroom 'n atoombom op Irak sou gooi, het provinsiale rugbykeurders 'n voorspeler se vaardigheid met sy vuiste deeglik oorweeg voordat hulle hom in hul span ingesluit het.

Is dit toevallig dat die oud-Springbok-haker Gys Pitzer onthou word vir sy vinnige vuiste, eerder as sy blitsige haakvoet?

Deesdae sleep jy sommer 'n teenstander hof toe as hy 'n hou na jou mik. 'n Paar jaar gelede het 'n man wat 'n gekneusde neus in 'n klubwedstryd opgedoen het, juis só 'n saak gewen. Die landdros het beslis dat aanranding aanranding bly, al vind dit ook op 'n rugbyveld plaas.

Goed en wel. Dan moet die laagvat maar die pad van die hoogvat loop. As jy op volle vaart in Elofstraat afnael en 'n niksvermoedende omie wat vir die bus wag met 'n sierlike duikslag grond toe smeer, is dit sekerlik aanranding, en dus ook op die rugbyveld taboe.

Die volgende wat gaan waai is daardie euwel des euwels, die skrum. En kort voor lank gaan iemand wonder of dit nie dalk te gevaarlik is om die bal op te tel nie (dalk skop iemand daarna en dan kan jy lelik seerkry).

Wanneer al die ou klein verskilletjies tussen rugby en sokker uit die weg geruim is en grassburn die ergste besering is wat jy op die veld kan opdoen, kan Louis Luyt en sokker se grootbase begin versoening praat.

(Dit sal niemand verbaas as dit eendag uitlek dat dit alles 'n komplot van Abdul Bhamjee was om Naas Botha vir die NSL te probeer werf nie).

Ons kán dit egter verhinder deur rugby se naam in ere te herstel met strafmaatreëls wat selfs vir Adri Geldenhuys twee keer sal laat dink.

Om te verseker dat niemand wegkom nie, moet ons meer skeidsregters hê. (Wanneer die Oostelike Provinsie teen die Vrystaat speel is twee nie genoeg nie. Geldenhuys, Tobie Oosthuizen, Piet Bester en Pote Human het elkeen sy eie skeidsregter nodig as ons werklik orde wil sien).

Oortreders word summier afgejaag. As die tugkomitee hulle skuldig bevind, word hulle gevonnis tot 'n halfuur-statistieklesing deur Edwill van Aarde.

In die ou dae het die manne dalk meer vuisgeslaan, maar hulle het hulle darem by die skeidsregter se beslissings berus.

Deesdae is dit mode om terug te praat en te kla.

Dit moet stopgesit word. Vir 'n eerste oortreding word die speler saam met Louis Luyt in 'n kleedkamer toegesluit vir 'n uur, waarin hy soveel kan probeer terugpraat as wat hy wil.

Vir 'n tweede oortreding word Luyt met Zandberg Jansen vervang.

Maar wat van ons arme ouens wat juis boks, motorwedrenne en rugby bywoon met die uitsluitlike hoop om bloed te sien?

Wanneer 'n speler betrap word dat hy die voet inlê, word hy summier beveel om sy "togs" uit te trek - en vir die res van die wedstryd uit te hou. (Veral in die voorry kan dit groot toeskouervermaak oplewer).

'n Ander moontlikheid is die herlewing (met 'n paar aanpassings) van 'n ou plan om Ellispark se winste op te stoot, wat destyds deur daardie allewige pretbederwers, die Dierebeskermingsvereniging, in die wiele gery is.

Dit werk so: vuilspelers word aan die einde alleen op die veld agtergelaat met net drie bedonnerde bulle (nie bloues nie) vir geselskap. Maar ons moet darem toegeeflik wees. Geldenhuys en André Stoop sal toegelaat word om na hartelus kop te stamp.

Ariva, ariva, as ons dan moet verander, laat ons dit met styl doen.



# Vrydag

onder redaksie van
ANDREA VINASSA

## Flieks op M-Net

DEBBIE VILJOEN

M-NET spog weer met 'n klomp goeie flieks wat volgende maand begin draai.

"Shy People", wat onlangs nog op die kringloop was, wys Saterdagaand 15 September en vertel die storie van 'n joernalis wat besluit om die gejaagde New York-lewe te verruil vir 'n meer eenvoudige leefwyse in Louisiana. Haar tienerdogter gaan saam, wat natuurlik kopseer beteken. Met Jill Clayburgh en Barbara Hershey (foto bo).

En dan kan Glenda Jackson en Michael Caine in "The Romantic Englishwomen" gesien word - oor 'n skrywer wat sy vrou in haar verhouding met 'n gigolo aanmoedig om kreatiwiteit in sy eie werk te probeer bring. Die ongewone set up werk, maar toe raak hy jaloers.

"Stand by Me" wys Sondag 9 September en beeld die vriendskap en ondervindinge van vier seuns wat saam op 'n klein dorpie woon uit. Hulle besluit om in die oë van al die inwoners van die dorp helde te word deur na die lyk van 'n vermiste seun in die woud te gaan soek. Met Richard Dreyfuss, Kiefer Sutherland en River Phoenix.

"84 Charing Cross Road" met Ann Bancroft wys Sondag 23 September. Dis die verhaal van 'n ongewone vriendskap van 20 jaar. Twee mense wat mekaar nog nooit ontmoet het nie, deel hulle liefde vir boeke met mekaar deur briewe.

Die reg van ouers om oor die lewe van hul vroeggebore en gestremde baba te besluit, word in die omstrede fliek "Baby Girl Scott" vertel met John Lithgow en Beth Hurt. Die fliek wys Woensdag 24 September.

Goeie nuus vir liefhebbers van die Wilde Weste. Clint Eastwood is Vrydag 7 September in "Pale Rider" te sien, die eerste van 'n klomp flieks met hom in die hoofrol.

Ander films wat die maand wys, is "Beverley Hills Cop", "Blame it on Rio" met Tony Curtis en "Cats Eye".

## Australiese mini-reeks


Die TV-mini-reeks oor die 1854-rebellie op die Australiese goudmyne word môre-aand op M-Net gebeeldsaai. Dié opstand het gelei tot die onafhanklikheidwording van die kontinent. (Sien bladsy B9 vir televisie-gidse). Bryan Brown en die Amerikaanse aktrise van "Field of Dreams"-faam, Amy Madigan speel die hoofrolle in "Eureka Stockade." Albei aflewerings is môre te sien.

## Opmars na die SAUK


Moenie vergeet om deel te neem aan môre se opmars na die SAUK nie. Dit is die eerste opmars van sy soort, sê 'n woordvoerder vir die organiseerders, Fawo, die Veldtog vir 'n Vrye Media en Cosatu se Anti-Privatiserings-veldtog.

Die doel is om die SAUK uit te daag oor hul reg om besluite te maak oor die toekoms van die uitsaaiwese. Daar word aangedring op die herstrukturering van die uitsaaiwese op 'n meer demokratiese grondslag.

Die opmars begin tienuur van Wanderers- en Pleinstraat (naby die St Mary-katedraal) in Johannesburg.



HY VOEL SOOS 'N BOOM MET 'N KLOMP SWAAIENDE APE IN



HY SIEN DIE GANG VAN 'N INRIGTING VIR SIELSIEKES



***Die beeldende kunstenaar en komponis Neil Goedhals is Donderdag, 16 Augustus dood. Goedhals het die hoofrol 'gespeel' in die Kabelkarnimfe se strokiesverhaal 'Trollop slaap te veel' (waaruit dié uittreksel kom) wat in 1982 in die tydskrif Stet verskyn het. Huldeblyke verskyn op bladsy B4 en B5***

*Foto's: Nick Konstandaris*

